## Formele assessering: Geskrewe verslag 50 PUNTE

Education Ride is 'n vervoeronderneming wat skoolleerlinge vervoer na en van sporttoernooie en uitstappies. Die onderneming verskaf ook vervoer aan toeriste. Hulle het jou onlangs aangestel as bestuurder van finansies en bates. Om te verseker dat hulle hul wins maksimeer moet hulle ten minste vier nuwe bykomende voertuie bekom. Die nuwe voertuie sal deur die onderneming gefinansier en onderhou word. Die onderneming beskik oor voldoende fondse om die voertuie kontant aan te koop.

### Gevra

Jy moet navorsing doen en 'n verslag van nie meer as drie getikte of vyf handgeskrewe bladsye opstel (uitgesluit prentjies en grafieke) aan die eienaars waarin jy die volgende aanspreek:

- Insameling van inligting vanaf TWEE verskillende Minibus Handelaars oor modelle, pryse, kapasiteit, veiligheid, onderhoud/diensplanne en ander aspekte van elke Minibus Handelaar. Hierdié inligting moet aan die einde van die verslag aangeheg word.
- Vergelyk die inligting wat ontvang is en maak 'n besluit oor watter model die onderneming moet kies. Verskaf gedetailleerde inligting om jou keuse te motiveer.
- Doen navorsing oor die AARP vereistes om die beweging van die bate te bepaal. Neem in ag die koers en metode van waardeverminderingafskrywing en die aantal jare wat die bate in gebruik sal wees voor die vervreem sal word (lewensduur van die bate).
- Sluit die batebestuursbeleid in jou verslag in. Hier moet jy verwys na sie bateregister en die interne beheermaatreëls wat die onderneming moet oorweeg in die beleid rakende die gebruik en onderhoud van vaste bates. Stateer ook watter strafmaatreëls oorweeg moet word indien ondernemingsbates misbruik word. Verskaf ook gedetailleerde redes waarom bates behoorlik beskerm moet word.

## TAAKASSESSERING: GESKREWE VERSLAG

| Kriteria | 1 punt | 2 punte | 3 punte | 4 punte | 5 punte |
|---|---|---|---|---|---|
| **Insameling van inligting** | Bewys van sommige navorsing gedoen oor die hoofaspekte van elke model. | Bewys van redelike navorsing gedoen oor die hoofaspekte van elke model. | Bewys van voldoende navorsing gedoen oor die hoofaspekte van elke model. | Bewys van goeie navorsing gedoen oor die hoofaspekte van elke model. | Bewys van deeglike navorsing gedoen oor die hoofaspekte van elke model. |
| | **1-2 punte** | **3-4 punte** | **5-6 punte** | **7-8 punte** | **9-10 punte** |
| **Maak van keuse** | Sekere poging aangewend om tussen keuses te kies. | 'n Redelike vergelyking en motivering van keuse | Voldoende vergelyking en motivering van keuse | 'n Goeie vergelyking en motivering van keuse. | 'n Wel deurdagte vergelyking en motivering van keuse. |
| | **1-2 punte** | **3-4 punte** | **5-6 punte** | **7-8 punte** | **9-10 punte** |
| **AARP, waarde-vermindering en vervreemding** | Maak melding van 'n metode van waarde-vermindering en vervreemding van bates. | Verduidelik 'n 'n metode van waarde-vermindering en vervreemding van bates. | Verduidelik metodes van waarde-vermindering en vervreemding van bates. | Verduidelik metodes van waarde-vermindering en vervreemding van bates aan die hand van AARP | Verduidelik metodes van waarde-vermindering en vervreemding van bates aan die hand van AARP in detail. |
| | **1 punt** | **2 punte** | **3 punte** | **4 punte** | **5 punte** |
| **Bateregister** | Toon sekere insig in die bateregister. | Stel 'n gedeeltelike bateregister op. | Stel 'n volledige bateregister op maar met 'n paar foute. | Stel 'n volledige bateregister op maar met een fout | Stel 'n volledige bateregister op met al die korrekte inligting. |
| | **1-2 punte** | **3-4 punte** | **5-6 punte** | **7-8 punte** | **9-10 punte** |
| **Interne beheer** | 'n Paar beheer-maatreëls word verskaf | Identifiseer beheer-maatreëls en verskaf sommige idees om bates te onderhou. | Verduidelik beheer-maatreëls in detail en die beleid rakende die gebruik en instandhouding van bates. | Verduidelik beheer-maatreëls in detail en die beleid rakende die gebruik en instandhouding van bates. Verskaf sommige strafmaatreëls. | Verduidelik beheer-maatreëls in detail en die beleid rakende die gebruik en instandhouding van bates. Verskaf uitstekende strafmaatreëls. |
| | **1 punt** | **2 punte** | **3 punte** | **4 punte** | **5 punte** |
| **Redes vir die beskerming van bates** | Verskaf 'n rede | Verskaf 'n paar redes | Voorsien en verduidelik aanvaarbaar. | Voorsien en verduidelik goed. | Voorsien en verduidelik uitstekend. |
| | **1 punt** | **2 punte** | **3 punte** | **4 punte** | **5 punte** |
| **Geskrewe verslag** | Verslag gedoen | Aanvaarbare verslag met voldoende opmerkings. | Sekere aspekte van die verslag goed. Gebruik ten minste prentjies, grafieke of tabelle. | Goeie aanbieding. Gebruik ten minste prentjies, grafieke of tabelle. | Uitstekende aanbieding. Gebruik ten minste prentjies, grafieke of tabelle. |
| | | | | **TOTAL 50** | |